430. E3.5.2



# Dr. N.P. van Wyk-Louw Gedenklesing.

## Univ. v. Johannesburg 11. Sept 2008.

## F. v Zyl Slabbert.

1. Ek is nie in staat om 'n Afrikaans letterkundige oorsig te gee nie. Al wat ek kan doen is om anekdotes, biografies en analities te probeer gesels rondom my ervarings. oor Afrikaans as taal en wat dit nog steeds vandag vir my beteken.

2. In matriek was my onderwyser in Afrikaans 'n Mnr. Combrinck. Die voorgeskrewe werk wat 'n geweldige indruk op my gemaak het was: Die Uur van Verlange, deur W.A. de Klerk.

3. Gedeeltelik agv. Mnr. Combrinck se invloed maar ook deur 'n sameloop van omstandighede het ek besluit om teologie te studeer ter ~~voorbereiding~~ vir 'n predikantskap. Vanaf Std. 8 tot matriek het ek elke Sondag Sendingwerk gedoen by die plaaslike hospitaal. Ek noem dit omdat Sending werk 'n beduidende rol gespeel het in my sekularisasie en my besluit om nie weer predikant te word. Meer hieroor later.

4. In 1959 was ek 'n eerste jaar student op Wits en was Afrikaans een van my vakke. Een van my

dosente was N.P. van Wyk Louw. Hy het toe pas uit Holland ~~teruggekeer~~ teruggekeer. Hierdie gedenklesing is veronderstel om te gaan oor "bepaalde aspekte van Van Wyk Louw se werk" (vgl. Kannemeyer p. 388). Ek is nie gekwalifiseer om dit te doen nie; wat my altyd by my gebly het was Raka, Vier gebede by Jaargetye in die Boland en Lojale Verset. (Natuurlik ook Breyten en my se geliefkoosde verse wat ons by gemoedelike geleenthede vir mekaar sê: "Ek eet my brood, Drink my wyn, En hou my hart van Gode werklik rein!") Ek was te onkundig om hom werklik na waarde te ag in my eerste jaar, maar hy het 'n blywende merk op my gemaak. Hy het meteens 'n blywende merk op my gemaak. Hy het my ~~geh~~ gehelp om die belangrikheid van twyfel te waardeer.

5. In 1960 is ek Stellenbosch en het Afrikaans 2 en 3 voltooi. My dosente was D.J. Opperman, Eckermal, en by geleentheid, W.E.G. Louw.

6. In 1961 kry ek graad en gaan toe kweekskool toe. Ek het voortgegaan met sendingwerk en is in 1962 uit Langa uit verjaag. Dis toe ek ernstig probeer verstaan het wat Apartheid beteken. My professor in Dogmatiek publiseer 'n gesprek met

die titel: <u>Apartheid die wil van God</u>, wat ek verskriklik walglik gevind het. Intussen het ek die teologie van Karl Barth bestudeer wat 'n onderskeiding tref tussen die "algemene" en "besondere genade" van God.

7. In 1964 nadat ek die kweekskool verlaat het, word die pos van tydelike junior lektor by die Dept Sosiologie op U.S. aangebied. Dit was die begin van my akademiese loopbaan. In hierdie tyd ontmoet ek Adam Small en Jack v.d. Ross. Beide beklemtoon vir my dat Apartheid die taal gaan vernietig. Ons reël toe 'n vergadering op Elgin waar sg. blanke en kleurling Afrikaanssprekers kom. Vorster was verskriklik ongelukkig hieroor en ek vermoed hy vertel mense ek "<u>hoeveel</u> polieties" [polieties] met Afrikaans!"

8. Ek doseer op Stellenbosch, Kaapstad, Rhodes (P.T.O.) en Wits voor ek die politiek betree in 1974. In 1979 word ek leier van die Opposisie. Die dag wat ek Parlement toe is, is Breyten tronk toe. Toe ek leier van die Opposisie word, vra ek ~~P.~~ PW Botha of ek vir Breyten kan gaan kuier in die tronk.

op Rhodes was Andre Brink en ek, kollegas en het ons vriendskap begin),

CHMS .nel@vodamal.co.30

9. Breyten is in 1981 vrygelaat en ek besoek hom in Parys. In 1986 bedank ek uit die Parlement, stig saam met Alexander Boraine IDASA en probeer ~~fasseer~~ dialoog tussen Wit en Swart te bevorder. So volg Dakar in 1987. (Die Kremetart boom). Swardeur al hierdie gebeure bly my Afrikaanse identiteit 'n bron van verwondering (?)

10. Wat is 'n Afrikaner? Terblanche Holistiese metafisika ("Die gekling(?)el van die melk emmer")

11. Ten einde gaan dit oor die oorlewing van die taal (Verbastering. Verlies aan politieke mag) Die oorlewing van 'n taal word ook deur dwang. rasse ... bepaal (Univ. Stellenbosch en Kanselierskap.)

12. Die filosoof wat die grootste invloed op my denke gehad was/is Karl Popper. Die kern van sy filosofie is die belangrikheid van twyfel. Dit het die eerste keer van Van Wyk Louw geleer. Daar is altyd soos onfeilbare kennis nie.

(In 1988 word 'n konferensie by die Victoria Valle gereël oor 'n "toekomstige kultuursektor sonder Apartheid". Ek het waar Antjie Krog vir die eerste keer die ANC en bannelingskap ontmoet het. Sy het 'n blywende indruk op haar gemaak).